

# Werk totdat jy omkap

May 26 2011 00:00

**Bruce Whitfield**

<http://www.fin24.com/Finweek/FinansiesEnTegniek/Home/Werk-totdat-jy-omkap-20110522>

My pa, langer as 60 jaar 'n Vrystaatse boer, het onlangs afgetree. Hy het tot ná sy 80ste verjaardag gewerk. Só het hy vir hom 'n gerieflike en finansiële seker aftrede gewaarborg. Hoekom het hy so lank gewerk? Omdat hy wou en, nog belangriker, omdat hy kon. As sy eie baas kon hy die omvang, skaal en grootte van die take wat hy vir homself stel, self bepaal. Gelukkig was hy lief vir sy werk.

Sy wêreldbeskouing is natuurlik ook gevorm deur herinneringe uit sy kinderjare van droogte en die ontbering van die oorlogjare. Daarby het talle van sy vriende en familielede se geld opgebraak, en hy het belowe dat dit nie met hom sal gebeur nie.

Hoewel my pa se geval in die jaar 2011 dalk ongewoon is, sê Mike Jackson, uitvoerende hoof van PPS, dis die pad van die toekoms. “Ek dink die hele idee van aftrede is 'n klomp snert. Op 65 het die gemiddelde middelklaspersoon nog 20 jaar oor om te lewe. Die hoeveelheid geld wat jy nodig het om te verseker dat jy jou lewenstyl in dié tyd handhaaf, is ontsaglik. Dis heeltemal onrealisties. By PPS vind ons dat beroepspersone in eie diens glad nie aan aftrede dink nie en tot diep in die 70 en selfs 80 werk. Dit is een van die redes vir hul hoë lewensverwachting. Aftrede is deur maatskappye geskep om van dooie hout ontslae te raak.”

'n Kombinasie van faktore, waaronder onvoldoende spaargeld, hoë produksiekoste en die waarskynlikheid van swakker toekomstige opbrengste, beteken verreweg die meeste mense wat vandag werk, sal langer moet werk as wat hulle sou wou. Andersins loop hulle die risiko dat hulle langer sal lewe as wat hul spaargeld sal hou. In 'n wêreld-arbeidsmark wat al hoe strammer word, is dit 'n skrikwekkende vooruitsig.

Die statistieke laat 'n mens dink. Minder as een uit tien van ons sal op 65 aftree, wat algemeen as die “normale” aftree-ouderdom beskou word. Sowat 60% van ons sal ons laaste salaristjek volhoubaar kan vervang, op 'n maandelikse grondslag. Die aftreebedryf, wat met 'n magdom van duur en dikwels ondoeltreffende spaarinstrumente smous, stel dié syfer al 20 jaar op 6%.

“Met 'n meer wetenskaplike raming is tot die gevolgtrekking gekom dat meer as die helfte van die mense wat gewerk en tot 'n aftreefonds bygedra het, 'n pensioen kry wat minder as 30% van hul laaste salaris vervang. Ons reken die minimum teiken is 60%,” sê Stephen Nathan, uitvoerende hoof van 10X Investments. “Spaarders is uitgelewer aan die genade van 'n bedryf wat onrealistiese beloftes en misleidende projeksies maak, hoë gelde hef en teenstrydige advies lewer.”

Die SA regering het gesien die skrif is aan die muur en werk aan voorstelle wat die finansiële sektor hoop aftreebesparing verpligtend sal maak.

Maar die kwessies is ingewikkeld. Die kern van die saak is dat, tensy jy in die kategorie val wat die banke “hoë netto waarde” noem, die kans uiters skraal is dat jy lank voor jou 70ste verjaardag gerieflik sal kan aftree. “Vergeet van aftrede op 55 of

selves 60, want jy gaan waarskynlik behoefdig wees teen die tyd dat jy 75 is,” maan Magnus Heystek, direkteur van Brent-hurst Wealth Management. Jy moet maniere kry om jou lonend in diens te hou en te spaar totdat jy minstens 70 is in die veronderstelling dat jy nog ongeveer 15 jaar daarna gaan leef. Selves dan sal dit heel moontlik maar broekskeur gaan.

“Vir die meeste mense het die idee van gerieflike aftrede tot ’n einde gekom met vastevoordeelplanne. Vastevoordeelplanne het die aftreerisiko na die individu geskuif, maar betreklik min individue hanteer dié risiko op ’n ingeligte manier,” waarsku Nathan. Een manier om die aftreeprobleem die hoof te bied, is om nie net die een of ander vorm van aftreespaar verpligtend te maak nie, maar ook om dit verpligtend te maak om dié geld te bewaar wanneer jy van werk verander. Albei voorstelle maak na verneem word deel uit van ’n veel breër bespreking van die nasionale tesourie oor die land se aftreefinansieringskrisis.

Een van die vernaamste faktore wat beleggers verhinder om vroeg te begin spaar, is ’n gebrek aan vertroue in die beleggingsproses. ’n Aantal beleggingskandale en hoë geldestrukture skrik mense dikwels af om te begin spaar. Die grootste probleem is om die geskikste spaarinstrument te kies. Daar is byvoorbeeld ongeveer twee keer soveel effektetrusts in SA, 950, as maatskappye wat op die JSE genoteer is. Die SA beleggingslandskap is ingewikkeld en besaai met ’n magdom van weersprekende menings. Private beleggers kom voor ’n verwarrende verskeidenheid van beleggingsopsies te staan. Die verkeerde keuse kan ’n verwoestende uitwerking op langtermyn-spaarplanne hê. Beleggers word aangemoedig om makelaars te gebruik, om produkte te kies en van produkte te verander, en dit alles ondermyn die uiteindelijke opbrengs wat hulle op hul beleggings ontvang.

In ’n ideale wêreld sal ons almal 15% van ons bruto salaris oor die nagenoeg 40 jaar van ons werkende lewe spaar met die oog op aftrede. Deur die beskikbare belastingvoordele en die mag van saamgestelde rente te gebruik, sal ons dan ’n aansienlike neseier hê wanneer aftrede aanbreek. Selves al het jy oor ’n lang tyd die een of ander vorm van gedwonge spaar reggekry, het jy jou aftreespaargeld bewaar elke keer dat jy van werk verander het? Verreweg die meeste doen selves nie eens die basiese dinge nie en die versoeking om jou pen-sioen te bestee wanneer jy van werk verander, is geweldig.

Kirshni Totaram, uitvoerende direkteur van Coronation Fund Managers, sê al die data toon die impak van vroeg begin en die mag van saamgestelde rente. Die tabel hierby (op bl. 6 van Coronation se verslag) toon hoeveel beter persoon 1, wat van 21 tot 31 R100 per maand bydra en dan die geld los in ’n fonds gelykwaardig aan die indeks van alle aandele, daaraan toe is as iemand wat laat begin. Die eindwaarde word bereken wanneer hulle 65 is. Persoon 2 begin op 31 R100 spaar en spaar ’n volle 34 jaar lank. Hoewel die eerste persoon minder as ’n derde van die tyd spaar, is sy eindwaarde drie keer groter as dié van die tweede persoon. Dit toon die impak van saamgestelde rente. Die latkommer sal minstens R3 100 per maand moet spaar om dieselfde uitkoms as persoon 1 te bereik wanneer hulle 65 is. Dié bedrag word nog groter as markte minder oplewer as in die verlede, waarsku Totaram.

“Dis normale menslike gedrag om toekomstige opbrengste te voorspel wat op (historiese) langtermyn-syfers berus, in die waan dat as hulle nader aan aftrede groter bedrae spaar, die goeie opbrengste van die mark hulle sal red. Dis baie

gevaarlik. Die sleutelaanname is dat die tendense en drywers wat opbrengste histories gesteun het, steeds sal geld en sal voortgaan om op dieselfde wyse tot groei by te dra,” sê Totaram. “Ons reken nie dit sal gebeur nie.”

In een akademiese studie het studente van universiteitsouderdom aan wie gemanipuleerde foto's van hulself getoon is soos hulle op hul oudag kan lyk, meer as twee keer soveel van hul inkomste aan aftreevoorsiening bestee as studente aan wie eietydse foto's getoon is. As jy die werklikheid van 'n vinnig naderende ouderdom kan ontken, is die kans blykbaar groter dat jy die toepassing van 'n sinvolle spaarstrategie uitstel.

Die uitbundigheid van 'n groot deel van die 2000's het waarskynlik baie beleggers 'n onguns bewys deur kunsmatige verwagtinge vir toekomstige opbrengste te skep. Die opbrengste wêreldwyd was die gevolg van 'n aantal faktore wat nie sommer weer sal voorkom nie. Die strukturele verandering in inflasie wat 'n groot deel van die afgelope dekade gekenmerk het, het gelei tot laer as gemiddelde rentekoerse en 'n ruimer belastingstelsel, wat weer dryfkrag aan aandele- en effektemarkte gebied het.

Nie almal is voorstanders van tradisionele spaarinstrumente nie, ondanks die klaarblyklike voordele daarvan. Paul Theron, besturende direkteur van Vestact, sê uittreeannuïteite is absoluut nutteloos. Dis 'n manier vir makelaars en batebestuurders om geld te maak, en beleggers word in die proses ingeloop. Nugter weet hoekom die regering volhard met sy belastingtoegewings op bydraes op dié beleggingsdinosourusse. Boonop word die kontant wat hulle ná aftrede aan jou uitbetaal, meestal belas. Spaarders wat net klein bedrae kan wegsit, sal beter vaar met 'n langtermyn-kontantspaarrekening of staatskleinhandeleffekte. Spaarders met 'n bietjie meer geld moet dit in 'n laekoste-aandelerekening plaas en die dividende herbelê. “Die idee om van dividende te lewe, is sterk onder die huidige belastingstelsel. Om 'n inkomste van R500 000 per jaar te kry, sal jy egter 'n portefeulje ter waarde van R10 miljoen in vandag se geld moet hê en 'n gemiddelde opbrengs van 5% behaal. Dis nogal veel gevra en, soos beleggers in Anglo American en Old Mutual in 2008 geleer het, is dividendvloei geensins gewaarborg nie. Dit kan beleggers verplig om geld uit hul kapitaalbasis te onttrek.”

Ons grootouers was seker dankbaar om op 65 met 'n nuwe goue horlosie aan die gewrig af te tree en dan ongeveer vyf jaar lank, as hulle gelukkig was, van hul vastevoordeel-aftreefonds gebruik te maak. Die verantwoordelikheid vir aftrede val egter toenemend op ons eie skouers. Jy en jy alleen is daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat jy nie vir jou kinders 'n las word nie, en die staat hoop jy sal nie van sy beperkte hulpbronne afhanklik wees nie. Teen die tyd dat jy die ouderdom bereik wanneer die Avondrus-aftreeoord 'n aantreklike opsie word, sal jou kinders met hul eie probleme worstel. Dan sal hulle onvermydelik dié geslag blameer omdat ons die aarde beroof het van sy natuurlike hulpbronne, soos fossielbrandstowwe, woude en selfs veilige watervoorrade. Dis 'n bittere werklikheid, maar huidige geslagte lewe langer, met die gevolglik groter uitgawes van dié voorreg wat deur niemand anders as onself verskaf sal word nie.

Wat kan jy doen? Vergeet van die vakansie op Mauritius? Ry die ou motor totdat die verkeersdepartement weier om die lisensieskyfie te hernieu omdat dit risiko inhou, nie net vir jouself nie maar ook vir ander padgebruikers? Selfs al dink jy jy het genoeg opsy gesit – die nuwe wêreldwerklikheid is dat dalende

beleggingsopbrengste beteken jy sal heelwat langer jou brood in die sweet van jou aanskyn moet verdien as wat jou voorneme was.

Hoe langer jy werk, hoe meer kan jy verdien en teoreties spaar, tot jou eie voordeel. Sodoende plaas jy ook 'n ligter las op die staat, wat sal voordeel trek uit jou voortgesette belastingbetalings en dat hy nie 'n verpligting het om na jou om te sien nie. Om tot 70 te moet werk, is vir die meeste van ons nie 'n aangename vooruitsig nie. Maar in 'n omgewing waar baie werkers in die beroepswêreld op 50 as verby hul fleur beskou word en daar van hulle ontslae geraak word omdat dit goedkoper is om vyf talentvolle gegradueerdes met vars idees aan te stel – vervaag die werklikheid om tot 70 te kan werk (sekerlik vir 'n enkele werkgewer). Die enigste ding wat erger is as om te werk totdat jy 70 is, is om nié tot dan te kan werk nie, hetsy as gevolg van minder liggaamskragte of bloot deur vooroordeel in die werkplek.

Die lewensverwagting van die welgesteldes styg steeds danksy 'n beter lewenstyl, dieet en vooruitgang in primêre gesondheidsorg. Orgaanversaking wat vyf dekades gelede tot relatief vinnige sterftes sou gelei het, kan nou betreklik maklik deur orgaanvervanging oorkom word, hoewel teen aansienlike koste. Dit lei tot 'n verlenging van die tydperk wat baie van ons die planeet bewoon. Sedert 1971 het die lewensverwagting van die gemiddelde 65-jarige in die ryk wêreld met vier tot vyf jaar verbeter. Teen 2050 sal die gemiddelde lewensverwagting in die ontwikkelde wêreld tot ongeveer 70 styg – van die huidige 65 en 61 in 1970 af.

Regerings word toenemend gedwing om politiek ongewilde stappe te doen om aftree-ouderdomme te verander. Amerika oorweeg dit om sy amptelike aftree-ouderdom tot 67 jaar te verhoog en Brittanje tot 68. Teen middel 2010 het Franse vakbonde en studente landwyd betoog teen hul regering se planne om die aftree-ouderdom tot 62 te verhoog. Burgers moet dus langer werk om vir staatspensioene in aanmerking te kom.

Aftree-ouderdomme sal in die komende dekades verder verhoog word in 'n poging om die impak van staatspensioene op die fiskus uit te stel. Brittanje se koalisieregering het voorgestel dat die land se amptelike aftree-ouderdom teen 2016 tot 66 verhoog word, met planne om dit teen 2046 tot 70 te verhoog. Ander Europeërs mik na 70 teen 2040. Hulle moet staatsfinansies verbeter – hoe langer hul burgers produktief is, hoe meer belasting betaal hulle en hoe korter is die tydperk wat hulle van die staat afhanklik is. Volgens huidige EU-syfers is die gemiddelde aftree-ouderdom tans 61 in Griekeland, 62 in Duitsland en 59,4 in Frankryk. Die SA regering het onlangs die amptelike aftree-ouderdom van mans verlaag tot dié van vroue, naamlik 60, maar die tesourie ondersoek 'n moontlike kompromis.

Deesdae gaan gerieflike aftrede oor die bydrae wat jy lewer, wanneer jy met dié bydrae begin en of jou spaargeld langer as jy sal hou wanneer jy ophou werk.

“Namate mense aftrede nader, raai ons hulle ten sterkste aan om hul werklike begroting te hersien en na twee syfers te kyk – die bedrag wat 'gerief' verskaf en die bedrag wat in 'basiese behoeftes' voorsien. In die pylvak op pad na aftrede kan jy sien hoe jou spaargeld met dié twee syfers vergelyk en hoe om in dié behoeftes te voorsien,” sê John Anderson, hoof van institusionele strategie van Alexander Forbes. “Ons verwag dat die koste van aftrede sal styg, hoofsaaklik as gevolg van langlewendheid en die impak van kleiner reële opbrengste op beleggings. Dit beteken mense moet langer spaar, later aftree of hul lewenstandaard ná aftrede

verlaag.”

Statistieke van Alexander Forbes wys dat nagenoeg 75% van individue lewens-annuïteite uitneem – die helfte van hulle onttrek jaarliks meer as 7,5% van hul kapitaal en 'n ontstellende 20% onttrek die maksimum van 17,5%. Dit beteken daar is 'n groeiende aantal afgetredenes wat sonder geld gaan sit.

Hoe gemak om seker te maak jy het genoeg? Wel, iemand van 45 met R50 000 per maand wat nog nie begin spaar het nie, het baie om op in te haal as hy hoegenaamd 'n gerieflike aftrede beoog. Om 'n netto vervangingskoers van die minimum aanbevole vlak van 60% te bereik, moet hy R13 500 per maand spaar, en om die ideale vlak van 75% te haal, styg dit tot 'n nog moeiliker R16 500 per maand – ten beste ongeveer 40% van die inkomste ná belasting.

Anderson beklemtoon dat dit uiters belangrik is om die faktore wat binne jou beheer is, te bestuur. Bewaar aftreefondse wanneer jy van werk verander – moet onder geen omstandighede kontant daaruit onttrek nie. “Ons navorsing toon dat van al die beheerbare faktore dit die grootste enkele faktor is wat behoorlike vervangingskoerse benadeel. Op grond van 'n stel standaard-aannames kan 'n mens 'n netto vervangingskoers van 75% verwag – maar op grond van die waargenome bewaringskoerse van lede wat hul fondslidmaatskap opsê, daal dit tot 28%.”

Aan wie moet jy jou geld toevertrou? Aktiewe bestuurders is berug vir hoë gelde relatief tot hul gemiddelde prestasiegeskiedenis. Ja, as jy 'n goeie bestuurder kry, sal jy waarskynlik wel 'n stewige opbrengs kry, maar volgens statistieke wat 10X Investments uitgereik het, het 19 uit 20 SA fondsbestuurders oor die afgelope twee dekades swakker as die indeks van alle aandele gevaar.

“Dié verhouding verbeter oor langer tydperke, desondanks het meer as 85% van fondse oor vyf jaar swakker as die indeks gevaar en 61,5% oor een jaar,” sê Nathan. “Beleggers word meegedeel dat professionele bestuurders die markindeks betroubaar klop, maar ná koste vaar die indeks die meeste van die tyd beter as die professioneel bestuurde fondse.” Aktiewe bestuur berus op die idee dat die beste fondsbestuurders aandele kan identifiseer wat beter as die mark sal presteer en dus vir hul beleggers bogemiddelde opbrengste sal lewer. Die opbrengs van die mark is egter beperk, met die gevolg dat aktiewe bestuur 'n nulsomspel is voor koste.

John Bogle, afgetrede stigter van Vanguard Group en skrywer van *The little book on common sense investing*, wys daarop dat pogings om die mark te klop, eintlik 'n verloorspel is as gevolg van die koste verbonde aan aktiewe bestuur.

Die veteraan-geldbestuurder Liston Meintjies maan: “Die probleem van rentekoerse wat hoog is wanneer inflasie hoog is en pryse laat styg, is moordend vir diegene wat meer as tien jaar gelede afgetree het as hulle van 'n inkomste afhanklik is. Vyf jaar gelede was 'n inkomste uit R1 miljoen kapitaal ongeveer R100 000, met uitgawes van sowat R60 000. Nou is dié syfers waarskynlik omgekeer, en 'n groot deel daarvan is die gevolg van veel hoër mediese rekeninge. Meintjies sê mense wat nou aftree, moet seker maak dat hulle 'n huis het wat afbetaal is, minstens R3 miljoen in diskresionêre bates wat toeganklik is as die inkomste uit ander beleggings te laag daal en minstens R350 000 per jaar uit pensioene en beleggings. Gestel jy kry 'n

opbrengs van 5%, dan beteken dit jy het R7 miljoen belê, wat 'n totale neseier van R10 miljoen beteken. Om só 'n inkomste te verkry, het jy waarskynlik sowat R15 miljoen nodig, en die meeste daarvan in prima bates met groot dividendopbrengste.

Die grootste bedreiging vir aftreespaargeld, volgens Adrian Saville, beleggingshoof van Cannon Asset Managers, is inflasie. "Inflasie teen 7% per jaar halveer die koopkrag van 'n pensioen in tien jaar, en halveer dit weer in 20 jaar."

Marriott Asset Management beklemtoon ook sy kommer oor die impak van stygende pryse op beleggings: "Ons beskou inflasie as die belangrikste ekonomiese veranderlike vir afgetredenes omdat dit 'n diepgaande uitwerking het op die lewenstyl van inkomste-afhanklike beleggers. Inflasie raak ook die pryse en opbrengs van bates," ly 'n Marriott-verslag. Boonop moet beleggers seker maak dat hulle aandele besit wat betroubare en groeiende inkomstestrome oplewer en, nog belangriker, dat hulle dit teen gepaste pryse verkry. 'n Minimum opbrengs wat 'n belegger van 'n belegging moet vereis, is inflasie plus 3%, want jy kan staatsgesteunde inflasiegekoppelde effekte koop wat 'n reële opbrengs van 3% waarborg.

Die resultate wat jy met jou aftreefonds behaal, word deur drie faktore bepaal: jou spaargeld, die opbrengs op jou spaargeld en die gelde wat jy betaal. Om die beste resultate te kry, moet jy aan al drie fronte goed vaar. Dis nie goed genoeg om eenvoudig 'n getroue spaarder te wees nie – as jy vroeg reeds 15% van jou bruto inkomste in 'n swak bestuurde en duur spaarinstrument plaas, sal jou opbrengs daaronder ly. Deur verstandig te belê, moet 'n mens ook aan ouderdomgeskikte portefeuljes dink, bewus wees van die persentasies wat in verskillende vlakke risiko belê is en verseker dat die korrekte bateverskeidenheid behaal word.

Johan Schreuder, 'n produkontwikkelingsaktuaris van Investec Asset Management, wys daarop dat die meeste van ons vir minder as die helfte van ons lewe 'n inkomste verdien – baie is minstens die eerste twee dekades van hul ouers afhanklik, hulle werk vir vier dekades en leef dan nog twee of selfs drie dekades, hetsy as finansiële onafhanklike afgetredenes of as 'n bykomende las op hul kinders.

Die enigste manier om te waarborg dat jy in eersgenoemde kategorie val, is om voor jou aftrede tot 20 keer jou laaste jaarlikse salaris te spaar. As jy, soos die meeste mense, dit nagelaat het en eers op 45 begin spaar, sal jy meer as 50% van jou maandelikse salaris moet spaar om dié vlak van aftreefinansiering te haal. Vir die meeste van ons is dit eenvoudig onbekostigbaar.

Die feit dat beleggingsopbrengste in die huidige dekade waarskynlik swakker sal wees as in die vorige dekade, vergroot ook die risiko dat mense deur swendelaars gefnuik word wat bogemiddelde opbrengste belowe en dit dikwels wel vir 'n tyd lank lewer. Warren Ingram, 'n direkteur van Galileo Capital, noem die onlangse ineerstorting van eiendomsindikasieskemas as voorbeeld. Verstandige adviseurs het gewaarsku dat die beloofde opbrengste van tot 12% onrealisties is, maar dit het die weg gebaan vir minder sinvolle advies wat deur stewige kommissie gedryf is. "Die belofte van gewaarborgde opbrengste berus op die oënskynlike sekuriteit van onderliggende eiendom, en hoewel eerlike adviseurs die kwaai vooraf kommissie bevraagteken en geweier het om die skemas by hul kliënte aan te beveel, was ander nie so gelukkig nie.

“Die basiese beginsels van belegging is baie eenvoudig en het al dekades lank nie verander nie. Die probleem is dat niemand van ons daarvan hou om nou opofferings te doen met die oog op latere voordele nie.”

Dis 'n groeiende tendens namate nuwe geslagte werkers die mark betree terwyl die samelewing korttermyn-denke beloon en groter klem op onmiddellike bevrediging plaas. Dit is 'n verskriklike kombinasie vir langtermyn-beleggers. Die onsekerheid oor regulering en groter staatsingryping in die ekonomie as geheel is 'n bron van kommer vir die meeste afgetredenes. Hulle vrees 'n veranderende politieke klimaat en die impak wat implisiete belastings soos elektrisiteitsheffings, brandstofkoste en tolpaaië op hul besteebare inkomste het en die kapitaal wegvreet waarvoor hulle lank en hard gewerk het.

In sy geweldig omstrede *Die broke*, wat hy 15 jaar gelede geskryf het, het die Amerikaanse finansiële adviseur Stephen Pollan vir die Amerikaners gesê hul doel is om te verseker dat hulle nie langer lewe as wat hul spaargeld sal hou nie. Hy het ook gewaarsku teen oorkonserwatisme: “Jy is 'n gek as jy een sent nalaat,” het hy gesê en die ou oortuiging verwerp dat ons vir ons kinders iets moet nalaat deur ons vingers stompies te werk en elke sent te spaar. Sy argument is eerder: gebruik jou geld om 'n goeie lewe te bou terwyl jy nog hier is.

Die nuwe ekonomiese werklikheid, sê Pollan terwyl hy nadink oor die boek, beteken dat sy idees wat ten tyde van die tegnologie-opbloeï geformuleer is, as teenkultureel beskou is, maar toenemend hoofstroomdenke weerspieël te midde van finansiële woelinge en stygende vlakke van onsekerheid. Pollan sê met *Die broke* het hy toe tog “die teeblare goed gelees”.

Die regering se planne  
'n Geweldig ingewikkelde kwessie

Die hervorming van die aftreebedryf het vele fasette. Dit het in 2004 begin toe die eerste voorstelle vir die hersiening van aftreefinansiering gedoen is. Die groot probleem waarvoor die regering te staan kom, is hoe om hervorming aan te pak wat waarskynlik die een of ander vorm van gedwonge spaar insluit, met die verpligte bewaring van aftreegeld deur individue wanneer hulle van werk verander. Dit moet gedoen word sonder om te veel druk op huishoudings se begroting te plaas en by te dra tot die las op reeds ooreiste ondernemings, waarvan die primêre koste reeds die prys van arbeid is.

Die regering se pensioenstelsel-wenslys, wat al lank gelede uitgevoer moes gewees het, sal waarskynlik in die tweede helfte van die jaar onthul word. Eers dan sal adviseurs en die res van die aftreebedryf hul bydrae tot die debat kan lewer. Die tesourie sê die harde werk is gedoen met die sogenaamde goedgekeurde-fondsraamwerk-dokument, wat hy beoog om teen einde Julie uit te reik. Dit sal die eerste regeringsvoorstel wees en sal oop wees vir openbare bespreking. Dit is 'n proses wat Olano Makhubela, hoofdirekteur van finansiële beleggings en spaar in die tesourie se beleidseenheid vir die finansiële sektor, ambisieus hoop ongeveer twee maande sal duur sodat 'n finale weergawe betyds vir die nasionale begroting in 2012 afgehandel kan word.

“Dis ’n geweldig ingewikkelde kwessie,” sê Makhubela. “Ons wil dit nie oorhaastig deurdruk nie omdat dit groot gevolge vir individue en die spaarbedryf het. Maar dis ook nie ’n ver-skoning om die proses verder te vertraag nie.”

Die aftreehervormings is daarop gemik om laerinkomsteverdieners aan te moedig om meer te spaar en die aansporings vir meer welgestelde spaarders te verminder deur ’n plafon op belastingtoegewings te plaas. Huidige voorstelle is vir ’n betreklik beskeie jaarlikse spaarvlak van ongeveer R200 000 – ’n syfer wat die bedryf sal wil laat verhoog, maar die regering sal waarskynlik nie daarvoor te vinde wees nie.

Ander omstrede voorstelle wat bespreek word, sluit in die moontlikheid van ’n verdere verhoging van die amptelike aftree-ouderdom. Die staat het vroeër die ouderdom waarop mans in diens van die staat geregtig is om op pensioen te gaan, tot 60 verlaag, dieselfde as vir vroue. Maar die SA regering, soos baie in die Noordelike Halfrond, ondersoek maniere om die staat se finansiële las te verlig. Pleks van hom die woede van die vakverbond Cosatu op die hals te haal, kan hy dalk op ’n kompromisopsie besluit deur staatsdienswerkers toe te laat om in hul werk aan te bly ten einde seker te maak dat hulle ’n groter bydrae tot die algemene pensioenpot lewer en die datum van benutting van die spaarpoel uit te stel.

Dis alles goed en wel om gedwonge spaar en verpligte bewaringsfondse in te stel, maar die sukses van enige skema sal afhang van hoe dit gestruktureer is, die opsies wat beleggers kry en die koste. Die wêreldwye finansiële krisis en die onvoorspelbare aard van die wêrelddekkonomie beteken dat opbrengste vir beleggers oor die volgende tien jaar waarskynlik nie naastenby dié van die afgelope dekade gaan wees nie.

Verder is die koste van die meeste aftreespaarinstrumente eenvoudig te hoog om sekerheid van selfs ’n jaarlikse reële opbrengs van 5% te bied.